

Sondag 13 November

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-7

Fokusgedeelte: Jesaja 6:6-7

Raak eers klein voor God voor jy Hom verkondig!

Voordat die profeet Jesaja, in van die donkerste tye in die geskiedenis van Israel, voor die aardse konings kon optree, moes hy eers voor die Koning van die heelal verskyn. Wanneer 'n mens die Nuwe-Testamentiese verwysing na hierdie gedeelte in ag neem (Joh. 12:41; Hand. 28:25-26), het die profeet in die teenwoordigheid van die Drie-enige God te staan gekom, vandaar ook die serafs se drievoudige uitroep: "HEILIG, HEILIG, HEILIG is die Here, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlijkheid."

In 'n vlietende oomblik het Jesaja voor God sy eie verlorenheid besef. Daarom kan hy die besondere eienskappe van die serafs beskryf, maar as hy van die Here praat, beskryf hy net die some van God se kleed en die deurpenne van sy drumpel. Serafs beskerm die heiligheid van God en daarom is dit ook een van die serafs wat die lippe van God se profeet reinig, sodat hy van daardie oomblik af as swakke dienskneg net God se woorde aan God se kinders bekend kon maak.

Elke navolger van Christus staan onder die opdrag om 'n dissipelmaker te wees. Ons moet mense van Christus leer soos wat die Heilige Gees Hom in sy hele Woord aan ons bekendmaak. Waak daarteen om nie te vinnig te praat nie. Word eers biddend klein voor die lewende Here. Ken jou eie swakheid en nietigheid. Spandeer eers tyd saam met God rondom sy heilige Woord. Bid vir die leiding van die Heilige Gees en gaan dán en verkondig God se Woord, vreesloos, tydig en ontydig.

Sing: Psalm 89-1:3, 6

Ds. HJ Stoltz (Hendrik) (Ontdekkers)